# JEUGLES: Pinkster

## 1. Praise and Worship

## 2. Ysbreker 1: Hello

- Elke kind trek ‘n papiertjie met ‘n ander taal se groet
- Hulle moet rondloop en hulle ander maatjies met dieselfde groet probeer opspoor deur die groet uit te spreek.
- Daarna kry elke groep ‘n kans om hulle groet hardop vir die res te sê

## 3. Ysbreker 2: Musical boks

- Elke groep kry ‘n boks met ‘n klomp klein boksies binne-in
- Soos die musiek speel word die boks aangestuur.
- Wanneer die musiek stop haal die kind wat die boks het ‘n boksie uit die groot boks, maak dit oop en lees die leidraad – daai persoon is dan uit vir die res van die speletjie

## 4. Process die ysbreker:

- Ons gaan vanaand oor Pinkster gesels, wie van julle weet wat dit is? (Pinkster is die verjaarsdag van die kerk – dis die dag waarop die kerk ‘gebore’ is soos ons dit vandag ken – en natuurlik die dag waarop die Heilige Gees op God se kinders uitgestort is)

- Jesus het ‘n belofte gemaak dat die Heilige Gees sou kom nadat Hy op is hemel toe.
- Hy het gesê dat dit beter vir ons sal wees dat Hy weggaan sodat die Heilige Gees kan kom.
- Na Jesus se opstanding het Hy nog 40 dae op die aarde gebly en op verskillende geleenthede aan die dissipels verskyn.
- Nou is dit tien dae na Jesus se hemelvaart en Pinkster.  Dis tyd.

- **<u>So hoekom die vreemde tale</u>**? Met Pinkster is die Heilige Gees uitgestort op God se kinders, wanneer ons die deel in Hand 2:4 lees sien ons dat die wat daar was in ander tale begin praat het – dit moes seker baie geklink het soos julle tydens die ysbreker!

- **<u>Hoekom die boksies</u>**? Wanneer ons oor die Heilige Gees praat, praat ons altyd van God se geskenk aan ons, en dis hoekom ons die speletjie met die boksies gespeel het, om julle daaraan te herinner dat die Heilige Gees ‘n BAIE spesiale geskenk is wat God vir Sy kinders gee, want as jy nie God se kind is nie, dan kan jy nie die Heilige Gees kry nie!

## 5. Pinkster:

**Videoclip**: The story of Pentecost

- Gebruik Hand 2:1-4 om julle te help om die leidrade van die 2de ysbreker aanmekaar te sit.
- Gebruik ook Hand 2:38 en Hand 2:41
- Dit sal julle help om die ‘prentjie’ van hoe awesome Pinkster is aanmekaar te sit!

**Vaslegging vrae:**

1. Hoe het dit in die bovertrek geklink? (klomp mense wat in verskillende tale praat)
2. Watter ongewone iets het hulle daar gesien? (tonge van vuur wat op elkeen gaan sit het)
3. Wat het met die gelowiges gebeur? (Hulle is met die Heilige Gees vervul)
4. Wat het die Heilige Gees hulle gehelp om te doen? (Om in verskillende tale te praat)

## 6. Sluit af met gebed en kry julle selfone